

Aan: Alle kerke van die GKSA
Van: Die bestuur van die Administratiewe Buro.
Insake: Sake vanaf die bestuur se tafel.
Datum: 26 Oktober 2015

Die Admin Buro deel graag die volgende met die kerke in GKSA en kerke se reaksie hierop en voorstelle word graag ontvang.

1. Deputaatgroepe se geldsake.

Sowat 95% van al die deputaatgroepe se finansies lyk baie goed, omdat die meeste dit regkry om hulle geld te spandeer binne die omstandighede en uitdagings waarbinne hulle hul opdragte moet uitvoer. Oor sekere omstandighede het enkele deputaatgroepe geen beheer nie, en het dit in die verlede meegebring dat hulle oor 'n tydperk meer moes uitgee, as waarvoor begroot is. Die Bestuur kommunikeer voortdurend met deputaatgroepe oor die aanwending van fondse en met dankbaarheid kan gemeld word dat van die tekort-saldo's met die loop van 2015 beduidend gekrimp het. Vanaf Januarie 2015 word teenoor geen goedgekeurde begroting oorspandeer nie, maar gewerk aan alternatiewe sodat die opdragte steeds uitgevoer kan word.

2. Buitengewone Algemene Sinode in 2016.

Werk word gedoen ter voorbereiding vir hierdie sinode DV vanaf Dinsdag 12 Januarie 2016, in Potchefstroom. Die agenda en ander stukke is aan alle kerke gestuur. Die sake ter tafel is allereers die 3 beswaarskrifte van die Streeksinodes op grond waarvan die Buitengewone Algemene Sinode opgeroep is. Indien die beswaarskrifte slaag, word alle uitstaande sake rakende die vrou in die amp van 2012 en 2015 ter tafel geneem.

3. Ramings.

Ons is dankbaar oor verskeie kerke wat gereageer het op ons skrywe aan alle kerke oor ramings. Onduidelikhede is in die proses opgeklaar veral oor agterstallige ramings. Kragtens ons gesamentlike onderlinge ooreenkoms, is ons as kerke saam verantwoordelik om byvoorbeeld algemene sinode te hou, emeriti te versorg en predikante op te lei. Hierdie besluite kos geld en as 'n kerk nie sy ramings betaal om hierdie uitgawes te dek nie, en steeds deelneem aan die voordele van gesamentlik kerk wees soos om opgeleide predikante te bevestig, dan plaas dit groot druk op ander kerke. Die skakeldeputate werk verder aan hierdie uitdagings.

4. Skakelwerk met kerke.

Die Skakeldeputate werk deurentyd met kerke wat uitdagings beleef en advies benodig. Sowat 30 kerke is in die afgelope tyd op die wyse gehelp met advies. 'n Aantal werkswinkels is ook deur die deputate vir plaaslike kerke gehou.

5. Sustentasië.

'n Skrywe oor sustentasië in GKSA gaan deur die sustentasië deputate na alle kerke gestuur word. Hulle sal die finansiële prentjie deel wat daarop neerkom dat die beskikbare geld vir sustentasië elke jaar minder word en die aansoeke vir sustentasië elke jaar meer word.

6. Invordering van ramings.

Baie dankie aan elke gemeente wat op datum is met hulle ramings! 'n Besondere woord van dank ook aan gemeentes wat reëlings getref het vir die betaling van agterstallige ramings. Die prentjie van al ons kerke saam lyk so: (Alle bedrae in R miljoene.)

		2014	2015	2016	
		12 mnde	12 mnde	3 mnde	
Aantekening		R m	R m	R m	
Ramingsdebiteure openingsaldo		R 13,9	R 13,7	R 14,9	
Plus geraam		R 28,1	R 29,4	R 8,0	
Subtotaal		R 42,0	R 43,1	R 22,9	
Min ramings ontvang	1	R -28,3	R -27,0	R -7,6	
Afskrywings ingevolge Sinode besluite	2		R -1,2		
Ramingsdebiteure sluitingsaldo		R 13,7	R 14,9	R 15,3	Pro rata saldo

- 1 Ramings ontvang sluit agterstallige ramings wat ingevorder is in.
- 2 Voormalige Sinode Suidland se ramings is teruggeskryf ingevolge 'n besluit van Sinode 2015.

Vir die twaalf maande tot 30 Junie 2015 het ons dus sowat R2.4m. minder ramings ontvang as wat gehef is. Hiermee saam opnuut 'n aanmoediging aan kerke wat agterstallig is om asseblief daaraan te werk om hierdie "ereskuld" aan mekaar, op datum te kry. Die rol en verantwoordelikheid van klassise om kerke wat agterstallig is by te staan in die soeke na oplossings, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

7. Algemeen:

Alle lidmate en alle kerke word opnuut uitgenooi om die Admin. Buro te kontak sou daar enigsins so 'n behoefte bestaan. As u onseker is met wie om te praat of na wie om 'n e-pos te stuur, kontak dan vir dr. Wymie du Plessis, die Administratiewe Bestuurder by 018 297 3986/7/8/9 of wymiedup@gksa.co.za